

Maandag 9 Oktober

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 5:6-8 (1983-vertaling)

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 5:7

Nagmaal bring ons tot persoonlike heiligmaking

Die troos wat die Nagmaal verkondig, moet ons tot persoonlike heiligma-king bring. Dit is die vrug wat die troos in ons lewe moet voortbring. Die brief aan die Korintiërs stel dit baie duidelik: *Verwyder dan die ou suurdeeg, sodat julle nuwe, ongesuurde deeg kan wees, en dit is julle werklik ... Laat ons feesvier met die ongesuurde brood van reinheid en waarheid* (1 Kor. 5:7, 8).

Benewens dat die Skrif suurdeeg as die stille positiewe invloed van ons Christelike geloofslawe rondom ons beskryf (dink aan die gelykenis van die suurdeeg), is suurdeeg in die Korintiërsbrief 'n beeld van sonde wat 'n gemeente en 'n samelewing kan deursuur. Suurdeeg kan ook ondeug word, soos onsedelikheid, liefdeloosheid, hoogmoed ensovoorts. Daarom roep die apostel die Korintiërs op om die ou suurdeeg van geestelike ondeug uit te suiwer en 'n nuwe deeg van reinheid en waarheid te word.

Die kerngedagte soos die Nagmaalsformulier dit aan ons voorhou, is dat ons van nou af met ons hele lewe ware dankbaarheid aan God sal betoon en opreg voor Hom sal wandel; om eerlik alle vyandskap, haat en nyd te laat vaar en voortaan in ware liefde en eensgesindheid met ons naaste te lewe. Dit is dan ons heiligmaking wat volg op ware selfondersoek. Dit is die onberoulike bekering waarvan 2 Korintiërs 7:10 praat – die hartsverandering wat 'n lewensverandering meebring.

Dit is die dankbaarheidslewe van 'n opregte Nagmaalganger. Dit is die nuwe mens waartoe die Here ons oproep: 'n hartlike vreugde in God deur Christus en 'n lus en liefde om volgens die wil van God in alle goeie werke te lewe (HK Sondag 33, Antwoord 90). So werk die Heilige Gees hierdie nuwe lewe van dankbaarheid in ons hart.

Ons bely dan ook in die Dordtse Leerreëls dat die Here die evangelie nie net uiterlik aan ons verkondig nie. Hy verlig ook nie net die verstand kragtig deur die Heilige Gees nie. Deur die kragtige werking van dieselfde Gees, wat die wedergeboorte skenk, dring Hy ook deur tot in die binneste dele van die mens, open Hy die geslote hart, versag Hy wat hard is, en besny Hy wat onbesnede is.

In die wil stort Hy nuwe eienskappe in en maak die wil, wat dood was, lewend; wat sleg was, goed; wat onwillig was, gewillig en wat ongehoorsaam was, gehoorsaam sodat ons, soos 'n goeie boom, vrugte van goeie werke kan dra (3/4, par. 11)

Sing: Psalm 116:7 (1936)

Ds. NJ (Nic) van der Walt (Brits)